Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 01 April 2021

Gedagte van die week:
Om in 'n oomblik van vreeslose entoesiasme op die water te loop, is een ding; maar om elke dag op droë grond die pad van praktiese dissipelskap te loop, is iets heeltemal anders. Vra maar vir Jesus en Petrus.
Vertrekpunt: Matteus 28:1-20
Meditasie uit die teks:
Jesus is toe gekruisig op sogenaamde Goeie Vrydag (op 'n manier wil ek mos eerder daaraan dink as Hartseer Vrydag). Na die afgelope sewe weke se kyk na die mense om die kruis en na 61 jaar se lewe saam met mense, koerantlees en TV-kyk, kan ek dit maklik glo. Ek kan maklik glo dat mense mekaar wil doodmaak en graag doodmaak. Dit is menslik. Dit is vreeslike sinne en ek is skaam daaroor, maar ongelukkig is dit waar. Ek gló die kruisiging, want dit is in my liga van verstaan en verwysing. **MAAR** die opstanding is iets anders. Dit is heeltemal buite my liga van verstaan en verwysing. Kyk, ek lees dit oor en oor, ek wil dit begryp en inneem, maar ek sukkel. Dit is heeltemal té Goddelik. Ek vind myself telkens dat ek óór dit spring, óór verse 1 tot 15 om liewers by verse 16-20 uit te kom. Ek kom agter ek doen dit ook met die gedurige vrae en bespiegelinge oor die hiernamaals, ek spring ook daaroor, terug na die hiernoumaals, want dit is al wat ek ken en begryp. In my nadenke oor die hiernoumaals help verse 16-20 my baie. Dit help my om te weet dat ek nie dissipels hoef te maak nie, maar dat ek eerder mense kan nooi tot dissipelskap. Dit help my om te weet dat ek 'n getuienisverantwoordelikheid het, maar nie 'n óórtuigingsverantwoordelikheid nie. Dit help my om te weet dat ek nie mense hoef te leer soos ons aan leer dink nie, maar dat ek eerder mense kan leer deur nét vir hulle te wys. Dit help my om te weet ek hoef nie vêr te reis nie, ek kan maar net nederig wees waar ek is. Dit help my om te weet dat sending is die suurdeeg van die lewe. So ek wil nie met jou praat oor die opstanding nie … ek wil nederig stil wees daaroor en daarvoor … verwonderd en eerlik dat ek nie verstaan nie. Ek wil ook nie meer bespiegel oor die lewe na die dood oftewel die hiernamaals nie. Ek is nou hier en dit is al wat nou saak maak. Hierdie oomblik! Ek sal nou uitnodigend leef, ek sal nou so goed as moontlik dissipelskap demonstreer, ek sal nou getuig, ek sal nou hier wees … dis al. Die hiernoumaals is myne, die hiernamaals is God syne. Dis goed so.
Youtubeskakel:
Ons gaan Sondag 04 April 2021 om 09:30 'n reisgesprek in die kerkgebou hou. Jy kan hierdie reisgesprek ook op Youtube luister. Die youtube-skakel sal jou per whatsapp bereik as jy op op ons whatsappgroepe is.

Paulus in 'n Nagmaalglas

Uit die (hemel)bloute
O n v e r w a g s,
O n g e v r a a g,
O n g e w e n s,
H e t U
my voorgekeer,
o m g e k e e r,
o o r g e m a a k,
n u u t g e m a a k,
m o o i g e m a a k:
v e r v o l g e r
w
o
r
d
volgeling in verwondering!

Ons hou Avondmaal op Donderdag 1 April 2021 om 19:00 en opstandingsfees op Sondag 4 April 2021 om 09:30. Hopelik word ons ook via Nagmaalglas opgewek tot **volgeling in verwondering**. Jy is welkom.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of **nortierjohannes6@gmail.com**